- 5.4 om geaffilieerd te wees by die betrokke Gholfunies van die streek.

6. AANWENDING VAN BATES

Alle bates, fondse en winste van die Klub sal aangewend word vir uitsluitlike voordeel van die Klub en nie vir die voordeel van enige individu nie.

7. REËLS VAN DIE SPEL

Die reëls van die spel van gholf sal die wees van die "Rules of Golf and the Rules of Amateur Status as approved by R & A Rules Limited", onderworpe, egter, aan sulke wysigings, veranderings en byvoegings as wat nodig is om die plaaslike omstandighede en toestande volgens die oordeel van die Komitee te pas, met dien verstande dat sulke wysigings, veranderings of byvoegings nie teenstrydig met voorgenoemde reëls sal wees nie.

8. SPESIALE VOORSIENING VIR ERE-, TYDELIKE-, EN WEDERKERIGHEIDSLIDE

Geen persoon wat binne 'n radius van 140 kilometer vanaf die Klubhuis bly kan as ere-, tydelike- of wederkerigheidslid van die Klub verkiesbaar wees nie, behalwe waar:

- 8.1 so 'n persoon 'n openbare amp beklee of 'n bona fide kandidaat vir lidmaatskap is of 'n besondere voordeel of diens aan die Klub gelewer het; of

- 8.2 by besluit van die Komitee die voorregte van lidmaatskap aan so iemand toegestaan word terwyl hy aan 'n wedstryd of kompetisie deelneem.

9. NAKOMING VAN DIE VOORWAARDES VAN DIE DRANKWET

Toepassing van hierdie Grondwet is onderhewig aan die bepalings van die Drankwet, soos van tyd tot tyd gewysig of aangevul. In geval enige bepalings van die Grondwet strydig is of word met enige sodanige bepaling van die Drankwet, sal sodanige bepaling van gemelde Wet, vir sover dit nodig mag wees, outomaties op die Klub van toepassing wees en as inbegrepe by hierdie Grondwet beskou word.

10. LIDMAATSKAP

In ooreenstemming met die bepalings van die Drankwet, kan lidmaatskap van die Klub uit die volgende lede bestaan:

10.1 Ere-President

Die komitee mag een of meer Ere-Presidente verkies. 'n Ere-President en sy dien tydperk word deur die Komitee aanbeveel en moet deur die lede op 'n Algemene Jaarvergadering bekragtig word.

10.2 Ere-Lewenslange Lede

Die Komitee mag enige persoon wat, na mening van die Komitee, 'n besondere diens aan die Klub gelewer het, nooi om 'n Ere-Lewenslange lid van die Klub te word. Die komitee moet die aanbeveling voorlê by 'n Algemene Jaarvergadering vir bekragtiging deur die lede.

10.3 Ander Ere-Lede

Die Komitee mag enige persoon nooi om 'n Ere-lid van die Klub te word op sulke terme en vir so 'n tydperk as wat die Komitee bepaal. So 'n Ere-lidmaatskap sal nie 'n tydperk van een jaar oorskry nie, tensy die Komitee die Ere-lidmaatskap aan die einde van so 'n jaar hernu. Die aanstelling moet deur die lede tydens 'n Algemene Jaarvergadering bekragtig word.

10.4 Gewone Lede (Volle Lede)

Gewone lede moet aan die voorskrifte voldoen soos in Artikel 11 van die Grondwet uiteengesit word, ten einde lidmaatskap te bekom. Gewone lede sal geregtig wees op die volle voordele en fasiliteite van die Klub en mag stem op alle Algemene Vergaderings. Volle intreegelde, jaarlikse ledegelde en enige ander fooie wat vereis word, moet opbetaal wees.

10.5 Buite Lede

Enige persoon wat 'n volle lid van enige ander klub is en permanent woonagtig is buite 'n radius van 140 kilometer van die Klubhuis, is verkiesbaar as 'n buitelid. So 'n lid moet die toepaslike fooie en ledegelde betaal en sal nie stemreg op Algemene Vergaderings hê nie.

10.6 Tydelike Lede

Die Komitee mag tydelike voorregte van lidmaatskap verleen aan enige persoon wat:

- 10.6.1 'n bona fide kandidaat vir toelating tot die Klub is en wie se aansoek om lidmaatskap nog nie deur die Komitee bekragtig is nie: of
- 10.6.2 'n bona fide deelnemer aan 'n wedstryd of kompetisie op die baan is waarvoor hy/sy die voorgeskrewe fooie betaal het. Dit geld vir die tydperk waarvoor die fooie vasgestel is.

10.7 Besoekende Lede

- 10.7.1 Besoekende spelers: 'n Besoeker aan die Klub wat 'n lid is van 'n erkende golfklub kan as 'n besoeker geklassifiseer word wanneer hy/sy die voorgeskrewe speelfooie betaal het. So 'n persoon word dan geregtig op die voorregte van 'n tydelike lid vir die periode wat deur die bepaalde fooie gedek word.
- 10.7.2 Sosiale besoekers: 'n Sosiale besoeker wat van die geriewe van die Klub wil gebruik maak moet deur 'n lid van die Klub in die besoekersboek ingeteken word en die lid is verantwoordelik vir die besoeker.

10.8 Afwesige Lede

Dit is lede wat die Republiek van Suid- Afrika verlaat of tydelik elders in die RSA verplaas word vir 'n periode van minstens 12 maande. So 'n lid kan aansoek doen om 'n korting van ledegeld en die uitslag van so 'n aansoek is onderworpe aan die diskresie van die Komitee.

10.9 Nie-Spelende Lede (Sosiale Lede)

Sulke lede mag die geriewe van die Klub gebruik maar het geen stemreg nie en sal nie toegelaat word om die gholfasiliteite te gebruik sonder betaling van die baanfooie soos deur die Komitee bepaal word. Geen voorgee sal aan nie-spelende lede toegeken word nie. Nie-spelende lede moet ook aan die voorgeskrewe vereistes voldoen soos in Artikel 11 van die Grondwet bepaal word.

10.10 Skoliere- en Studentelede

Skoliere- en Studentelede moet aan die vereistes soos in Artikel 11 van die Grondwet uiteengesit voldoen om lidmaatskap te bekom. Skoliere en Studente lede mag van die Klub se fasiliteite gebruik maak, behalwe waar die Drankwet sodanige gebruik verbied. Intreegelde, ledegelde en speelfooie sal deur die Komitee bepaal word. Skoliere en Studente lede moet jaarliks aansoek doen met bewyslewing van skolier/studente status. Wanneer lidmaatskap verval moet aansoek gedoen word om volle lidmaatskap. Intreegelde sal deur die Komitee bepaal word.

10.11 Wederhelf-lede

Wederhelf-lede moet aan die vereistes soos in Artikel 11 van die Grondwet uiteengesit, voldoen om lidmaatskap te bekom. Wederhelf-lede sal geregtig wees op die volle voordele en fasiliteite van die Klub en mag stem op alle Algemene Vergaderings. Volle intreegelde is betaalbaar en afslag op volle ledegeld sal deur die Komitee bepaal word.

10.12 Sakelede

Maatskappye wat landwyd sake doen mag aansoek doen vir sakelidmaatskap. Sodanige lidmaatskap bepaal dat die maatskappy jaarliks met betaling van die ledegeld sy verteenwoordigers moet benoem. Die Komitee bepaal die toepasbare foie.

10.13 Lewenslange lede

Lewenslange lede is lede wat na aanleiding van 'n versoek van die Komitee lewenslangelidmaatskap koop. Sodanige lede het alle regte soos Vollelede afhangende van of hul voorgee plaaslik bepaal word of nie.

10.14 Vyfdag lede

Vyfdag lede moet aan die vereistes soos in Artikel 11 van die Grondwet uiteengesit word, voldoen om lidmaatskap te bekom. Vyfdag lede kan slegs speel vanaf Maandag tot Vrydag. Volle intreegelde is betaalbaar. 'n Afslag op jaargeld sal deur die Komitee bepaal word.

10.15 Senior Lidmaatskap

Klublede wat tussen 65 en 70 jaar oud en ten minste tien jaar ononderbroke lede van die Klub is, kwalifiseer vir Senior Lidmaatskap. Afslag op jaarlikse ledegeld sal deur die Komitee bepaal word.

10.16 Veteraan-Lidmaatskap

Klublede van 70 jaar en ouer kwalifiseer vir Veteraan-Lidmaatskap. Afslag op jaarlikse ledegeld sal deur die Komitee bepaal word.

10.17 Ex-officio lede

Die Komitee, na goeddunke, het die reg om lidmaatskap toe te staan of te onttrek aan enige amptelike werknemer van die klub. Diensbeëindiging sal ex officio lidmaatskap beëindig. Ex - officio lede is geregtig op sulke voorregte as wat van tyd tot tyd bepaal word deur die Komitee

11. VERKIESING VAN LEDE

11.1 Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm gedoen word en vergesel word van die intreefooie sowel as die eerste jaar se ledegeld.

11.2 Elke kandidaat vir lidmaatskap sal deur een lewens- of gewone lid voorgestel en deur een lewens- of gewone lid gesekondeer word. Die voorstellers en/of sekondante van die kandidaat moet minstens twee komiteelede tevrede stel met die aanvaarbaarheid van die kandidaat en hom ook aan hierdie twee komiteelede voorstel. Genoemde

komiteelede moet die aansoekvorm onderteken om aan te toon dat hierdie prosedures wel nagekom is.

- 11.3 'n Kandidaat wat op bogenoemde wyse, verkies is, sal amptelik daarvan in kennis gestel word en kan van 'n afskrif van hierdie Grondwet voorsien word. Indien 'n kandidaat se aansoek onsuksesvol is sal sy betaling ooreenkomstig Artikel 11.1, terugbetaal word.
- 11.4 Die handtekening van enige aansoeker om lidmaatskap op die voorgeskrewe aansoekvorm word beskou as 'n duidelike erkenning van die aansoeker dat hy/sy homself/haarself beskou as gebind deur die regulasies van hierdie Grondwet. Dit geld vir reeds bestaande sowel as toekomstige regulasie wat deur die Komitee gemaak mag word en geen persoon sal vir enige oortreding van hierdie regulasies verskoon word op grond van nie-ontvangs van die Grondwet nie.
- 11.5 Indien dit te enige tyd sou blyk dat 'n lid na aanleiding van enige vorm van vals inligting lidmaatskap van die Klub verkry het, kan die Komitee sodanige persoon se lidmaatskap summier beëindig. Volgens die diskresie van die Komitee, kan so 'n persoon 'n gedeelte van sy intreegeld terug ontvang, indien enige.
- 11.6 Terugbetaling van intreegeld en/of jaargeld of gedeeltes daarvan by die normale bedanking van 'n lid is 'n voorreg en nie 'n reg nie en die bedrag, indien enige, van so 'n terugbetaling, is volgens die diskresie van die Komitee.
- 11.7 Die Komitee het die reg om in sy diskresie die aansoeker om lidmaatskap te versoek om persoonlik voor die Komitee te verskyn ten einde sy/haar aansoek te oorweeg.

12. INTREE- EN JAARGELD

- 12.1 Die intree- en jaargelde wat vir die verskillende lidmaatskapkategorieë betaalbaar is, sal van tyd tot tyd deur die Komitee vasgestel word en by die volgende Algemene Jaarvergadering bekragtig word.
- 12.2 Die jaargeld vir lede wat laat in die jaar by die Klub aansluit, word deur die Komitee vasgestel.
- 12.3 Jaargelde is elke jaar voor of op 1 Maart betaalbaar.
- 12.4 Indien die jaargeld van 'n lid nie voor of op die laaste dag van Maart betaal is nie, moet die Komitee, in ooreenstemming met die bepalings van die Drankwet, die lidmaatskap van so 'n lid beëindig.
- 12.5 Die Klubbestuurder moet die name van persone wie se jaargelde nie teen die laaste dag van Maart betaal is nie, aan die Komitee voorlê. Hierdie persone sal skriftelik van die beëindiging van sy/haar lidmaatskap verwittig word.
- 12.6 Die komitee kan die intreegelde en jaargelde vir alle lidmaatskapkategorieë, 'n bepaalde amp of lidmaatskaptermyn opskort of verleng. Sodanige verandering moet tydens die Algemene Jaarvergadering deur die lede bekragtig word.

13. DAMESAFDELING

13.1 Indien daar meer as 12 vroulike gewone lede aan die Klub behoort, kan 'n Damesafdeling gevorm word.

13.2 Lidmaatskap van die damesafdeling bestaan uit dieselfde kategorieë soos in Artikel 10 van hierdie Grondwet uiteengesit en die verkiesing van vroulike lede geskied soos deur Artikel 11 bepaal word.

13.3 Die Dameskaptein word op die Algemene Jaarvergadersing verkies

13.3.1 Die Dameskaptein wys 'n Onderkaptein en drie bykomende dameslede aan wat saam met haar die Dameskomitee vorm, en wat

13.3.2 verslag doen en besluite neem oor sake van belang vir die Damesafdeling.

13.4 Die Dameskomitee het die reg om toepaslike reëls vas te stel en die Damesafdeling te bestuur en reguleer, maar sulke reëls en besluite mag nie in stryd wees met enigiets wat deur hierdie Konstitusie bepaal word nie.

14. REGISTER VAN LEDE EN KENNISGEWING AAN LEDE

14.1 Die verantwoordelike beampte van die Klub sal 'n amptelike register met die naam en adres van elke klublid byhou.

14.2 Algemene kennisgewings aan lede sal op die Klub se kennisgewingbord aangebring word en dit sal as voldoende kennisgewing aan elke individuele klublid beskou word.

14.3 'n Spesiale kennisgewing aan lede sal as bevredigend afgelewer beskou word indien dit gepos is na die adres wat in voorgenoemde register aangeteken is.

14.4 Dit is die plig van elke klublid om sy adresverandering(s) onmiddellik by die Klub aan te meld.

15. BESTUUR VAN DIE KLUB

15.1 Samestelling

15.1.1 Die Komitee

(a) Die Klub sal beheer word deur 'n Komitee wat sal bestaan uit die volgende ampsdraers:

(i) President

(ii) Vise-president

(iii) Klubkaptein

- (iv) Vise-kaptein
- (v) Dameskapteine
- (vi) Tesourier
- (vii) 5 Bykomende lede
- (b) Die Komitee sal onder voorsitterskap van die Klubkaptein staan. Indien die Klubkaptein afwesig is sal die Vise-kaptein as voorsitter dien. Waar albei persone afwesig is moet 'n voorsitter vanuit die teenwoordige komiteelede gekies word.
- (c) 'n Meerderheid van stemme tydens die Algemene Jaarvergadering sal die lede van die Komitee bepaal.
- (d) Die Komitee mag 'n persoon addisioneel tot die Komitee koöpteer. Sodanige gekoöpteerde lid sal egter geen stemreg op hierdie vergaderings hê nie.
- (e) Waar 'n lid van die Komitee bedank of die Komitee verlaat, mag die Komitee 'n lid in sy plek koöpteer. In hierdie geval sal sodanige gekoöpteerde lid volle stemreg hê en die res van die termyn van die persoon wat hy vervang, voltooi.
- (f) 'n Genomineerde vir 'n amp op die Komitee moet 'n volle lid, lewenslange-lid of ere-lewenslange lid van die Klub wees.

15.1.2 Die Ampte

- (a) Die President
 - (i) Die President is verkiesbaar vir 'n periode van 2 jaar.
 - (ii) Die President moet as die voorsitter van alle Algemene Vergaderings optree. Waar die President afwesig is tydens 'n Algemene Vergadering moet die Vise-president as voorsitter optree.
- (b) Die Vise-president
 - (i) Die Vise-president is verkiesbaar vir 'n periode van 2 jaar.
 - (ii) Waar die President afwesig is tydens 'n Algemene Vergadering moet die Vise-president as voorsitter optree.
- (c) Die Klubkaptein
 - (i) Die Klubkaptein is verkiesbaar vir 'n periode van 1 jaar.
 - (ii) Die Klubkaptein dien as voorsitter van alle komitee vergaderings en het sitting met volle stemreg op alle subkomitee vergaderings.
- (d) Die Vise-kaptein
 - (i) Die Vise-kaptein word jaarliks verkies.

- (ii) Die Vise-kaptein moet waarneem as voorsitter van die komitee vergaderings waar die Kaptein afwesig is.
- (e) Tesourier
Die Tesourier word jaarliks verkies.
- (f) Addisionele lede
Addisionele lede word jaarliks verkies.
- (g) Dames-Kaptein
Die Dames-Kaptein word jaarliks verkies.

15.2 Verkiesing van die Komitee

- 15.2.1 Lede van die Komitee word tydens die Algemene Jaarvergadering, deur middel van die meerderheid van stemme, deur die volle-, lewenslang- en ere-lewenslange lede van die Klub verkies.
- 15.2.2 Kandidate vir die verkiesing word skriftelik deur 'n voorsteller en sekondant benoem en die benoeming word skriftelik deur die kandidaat aanvaar. Sodanige benoeming moet minstens 7 dae voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering op die Klub se kennisgewingborde aangebring word.
- 15.2.3 Kandidate, voorstellers en sekondante moet volle lede, lewenslang-lede of ere-lewenslange lede van die Klub wees.
- 15.2.4 Uittredende bestuurslede is herkiesbaar sonder dat hulle genomineer hoef te word.

15.3 Prosedures van Komiteevergaderings

- 15.3.1 Die Komitee sal gereeld vergaderings hou en sal enige lid wat drie agtereenvolgende vergaderings sonder verlof tot afwesigheid misloop uit sy amp onthef.
- 15.3.2 By Komiteevergaderings sal vier verkose lede 'n kworum vorm.
- 15.3.3 Die Kaptein is die voorsitter, of in sy afwesigheid, die Vise-Kaptein. Indien albei afwesig is, moet 'n voorsitter uit die geledere van die aanwesige lede verkies word.
- 15.3.4 Geskilpunte wat tydens Komiteevergaderings ontstaan, moet deur middel van 'n meerderheidstem besleg word. Die Voorsitter het 'n beslissende stem tydens staking van stemme.
- 15.3.5 Die Sekretaris, wat by die eerste vergadering van 'n nuwe Komitee aangewys word, sal deeglik notule hou van alle besluite wat deur die Komitee geneem word. Hierdie notule word in 'n spesiale notuleboek gehou en elke goedgekeurde notule word deur die Voorsitter en die Sekretaris onderteken.

16. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE

16.1 Die Beheer en bestuur van die Klub

16.1.1 Die bestuur van die Klub sy sake en die uitvoering van die oogmerke waarvoor dit gestig is, setel in die Komitee, wat alle sodanige magte van die Klub mag uitoefen, uitgesonderd die wat hierdie Grondwet aan die Algemene Vergadering van die Klub opdra. Geen sodanige voorskrif maak egter enige voorafgaande Komiteebesluit ongeldig verklaar wat geldig geneem was nie.

16.1.2 Die Komitee mag van tyd tot tyd enige persoon, ongeag of hy/sy lid van die Klub is of nie, koöpteer as assessorlid van die Komitee om hom behulpsaam te wees in die oorweging van 'n saak of sake voortspruitend uit die Klub se aktiwiteite. 'n Persoon aldus gekoöpteer, is geregtig om deel te neem aan vergaderings en ander Komiteeverrigtinge, en het die regte van 'n Komiteelid wat die Komitee mag bepaal, behalwe dat hy nie geregtig sal wees om op Komiteevergaderings te stem nie.

16.2 Delegasie

Na goeddunke mag die Komitee enige van sy magte delegeer aan 'n subkomitee, saamgestel uit een of meer van sy lede en/of lede van die Klub. 'n Subkomitee moet in die uitvoering van magte aldus aan hom gedelegeer, voldoen aan die voorskrifte deur die Komitee neergelê, maar sal andersins self sy verrigtinge en optrede binne die regulasies van hierdie Grondwet bepaal. Die Kaptein is ex officio lid van alle subkomitees.

16.3 Bevoegdheid

Sonder om afbreek te doen aan die algemeenheid van die Komitee se magte, word hy ook beklee met die volgende bevoegdhede:

16.3.1 Om sodanige bank-, spaarbank- of ander rekeninge by goedgekeurde finansiële instellings te open en daarmee te handel soos wat bepaal mag word en om wissels, promesses, tjeks en ander verhandelbare of oordraagbare instrumente te trek, te teken, aan te neem, te endosseer, te verdiskonteer en uit te reik. Alle tjeks en ander dokumente wat betrekking het op die finansies of eiendom van die Klub, moet deur twee van die drie persone wat deur die Komitee benoem is, onderteken word.

16.3.2 Om Klubfondse aan te wend en te bestuur binne die raamwerk van die Inkomste- en Uitgawe- en die Kapitale Begroting, met dien verstande dat veranderinge aan die uitleg van die baan en strukturele veranderinge aan die geboue van die Klub goedgekeur moet word deur nie minder nie as twee-derdes van die aanwesige, stemgeregtigde lede by 'n Spesiale Vergadering of Algemene Vergadering. Die Komitee het die reg om namens die Klub, geld by finansiële instellings te leen om bogenoemde doel te bevredig.

16.3.3 Om regulasies wat nodig is vir die bestuur van die Klub neer te lê, te wysig of te herroep, mits sodanige regulasies, wysigings of herroepings op die Klub se kennisgewingbord aangebring word minstens 14 dae voordat dit van krag word.

16.3.4 Om in die naam van die Klub of in verband met enige saak wat die Klub se belange raak, regsdinge, aksies, prosesse, eise, aanmanings, of apêlle in te stel, te

verdedig, deur te voer, 'n kompromie daaromtrent aan te gaan, te laat vaar of vir arbitrasie te verwys.

- 16.3.5 Om alle toerusting en alle voorraad, vloeistof en vaste stowwe, wat deur persone wat die Klub gebruik verlang word, aan te koop, te verkoop en daarin handel te dryf en ook om die besigheid van 'n restaurant en/of verversingskamers te bedryf of te laat bedryf.
- 16.3.6 Om enige amptenaar en/of werker van die Klub aan te stel, te skors of af te dank en om hulle salarisse, byvoordele en pligstate te bepaal en die nodige opleiding te verskaf.
- 16.3.7 Die Komitee het die volle mag om alle fooie en gelde te bepaal.
- 16.3.8 Om toestemming aan nie-lede te verleen om die Klub te gebruik onder sulke voorwaardes soos deur die Komitee binne sy magte bepaal is of toestemming te weier binne die diskresie van die Komitee.
- 16.3.9 Om kompetisies en toernooie te reël en te hou en om enige spesiale reëlings daarvoor te tref.
- 16.3.10 Om die voorwaardes van wederkerigheid met ander Klubs te reël.
- 16.3.11 Om kandidate vir toelating tot lidmaatskap te keur en om enige lid wat in gebreke gebly het om enige skuld, aan die Klub te betaal, se lidmaatskap te enige tyd te beëindig.
- 16.3.12 Om alle klagtes en twispunte wat tussen lede, amptenare en/of werkers van die Klub ontstaan te besleg op die voorwaarde dat die Komitee skriftelik daartoe versoek is deur een of meer van die betrokke persone. In sulke gevalle moet die inhoud van die klagte of die aard van die twis ook op skrif gestel word. Enige party wat in die twis of klagte betrokke is, mag teen die besluit van die Komitee appêlleer en dit sodoende na 'n Algemene Vergadering van die Klub verwys op voorwaarde dat kennis van voorneme om te appêlleer binne 14 dae na die besluit van die Komitee aan die verantwoordelike beampete gegee word.
- 16.3.13 Om enige plaaslike regulasies te formuleer ten einde die spel te beheer. Hierdie regulasies moet op 'n kennisgewingbord van die Klub aangebring word en kan na goeddunke van die Komitee te enige tyd gewysig word.
- 16.3.14 Om jaarliks 'n Inkomste- en Uitgawe- en Kapitale Begrotings op te stel wat vir goedkeuring aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê moet word.
- 16.3.15 Om aanvaarbare Finansiële rekords en lede registers te hou.
- 16.3.16 Om enige vaste eiendom te bekom, koop, verkoop, huur, verhuur en/of verpand, onderworpe aan die goedkeuring van nie minder nie as twee-derdes van die aanwesige, stemgeregtigde lede by 'n Spesiale Vergadering of Algemene Jaarvergadering.

17. ALGEMENE VERGADERINGS

17.1 Algemene Vergaderings van die Klub bestaan uit

17.1.1 Algemene Jaarvergaderings; en

17.1.2 Spesiale Algemene Vergaderings.

17.2 Algemene Jaarvergaderings

Die finansiële jaar sal elke jaar op 28 Februarie eindig waarna die Algemene Jaarvergadering sal plaasvind op 'n tyd en plek soos deur die Komitee bepaal, in elk geval nie later as 30 April van elke jaar nie. By hierdie vergadering sal die Komitee behoorlik ge-ouditeerde finansiële state van die Klub asook verslag oor Klubaktiwiteite indien.

17.3 Spesiale Algemene Vergaderings

So 'n vergadering word belê nadat 'n geskrewe versoek daartoe ontvang is. So 'n versoek moet deur minstens 25 gewone lede met name en handtekening onderteken wees, of op versoek van die Komitee en moet ook die doelwitte van die beoogde vergaderings duidelik uitspel. Op die Spesiale Algemene Vergadering word slegs die punte waarvoor dit belê is, behandel. Geen nuwe punte word aanvaar nie en geen bespreking buite die agendapunte word toegelaat nie.

17.4 Kennisgewing vir Algemene Vergaderings

'n Kennisgewing ten opsigte van die dag, uur, plek en agendapunte vir Algemene Vergaderings sal 21 dae voor die Algemene Jaarvergadering en sewe dae voor die Spesiale Algemene Vergadering op die kennisgewingbord van die Klub aangebring word. Dit is verkieslik, maar nie noodsaaklik nie, dat elke stemgeregtigde lid van die Klub 'n soortgelyke kennisgewing per pos sal ontvang.

17.5 Kworum by Algemene Vergaderings

'n Kworum by enige Algemene Vergadering is 25 stemgeregtigde lede en geen vergaderings kan gehou word indien 'n kworum nie aanwesig is nie. Indien 'n kworum nie 15 minute na die bestemde aanvangstyd van die vergadering verkry is nie, sal die vergadering verdaag vir dieselfde tyd en plek die volgende week. Die lede wat by hierdie tweede vergadering aanwesig is, sal 'n kworum vorm en die vergadering sal afgehandel word.

17.6 Magte en Prosedures van 'n Algemene Vergadering

17.6.1 'n Algemene Vergadering mag deur middel van stemming besluite ten opsigte van enige van die betrokke agendapunte neem sonder om die magte van die Komitee te oorstem. Waar so 'n stemming indruis teen die besluite van die Komitee, kan die Algemene Vergadering die betrokke saak vir heroorweging na die Komitee terugverwys.

17.6.2 'n Algemene Vergadering het die mag om intreegelde en jaargelde soos bepaal deur die Komitee te bekragtig en om die regulasies ten opsigte van toelating van besoekers te formuleer.

- 17.6.3 Die Algemene Jaarvergadering kies die President, en Vise-president sowel as die Komitee volgens die regulasies soos in hierdie Grondwet uiteengesit.
- 17.6.4 Die Algemene Jaarvergadering kies 'n ouditeur en bepaal die vergoeding ten opsigte van die afgelope jaar se ouditering.
- 17.6.5 Die Algemene Jaarvergadering bekragtig 'n Ere-President, Ere-lewenslange lede, Lewenslange-lede en ere-lede.
- 17.6.6 Die Algemene Jaarvergadering bekragtig die Inkomste- en Uitgawe- en Kapitale begroting van die Klub vir die nuwe finansiële jaar.
- 17.6.7 Enige bykomende agendapunte wat lede op die Algemene Jaarvergadering wil bespreek, moet by die verantwoordelike beampte van die Klub skriftelik ingehandig word 14 dae voor die vergadering.
- 17.6.8 By die aanvang van die Algemene Jaarvergadering moet die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering gelees en goedgekeur word. In die geval van die Algemene Jaarvergadering moet die Komiteeverslag en finansiële state van die vorige finansiële jaar daarna behandel word.
- 17.6.9 Onder "Algemene Bespreking" mag geen mosies behandel word nie.
- 17.7 Stemming by Algemene Vergadering
 - 17.7.1 Slegs lewenslange-lede, Ere-lewenslange lede en gewone lede mag by Algemene Vergaderings stem maar ander lede mag die vergadering bywoon en mag deur die Voorsitter toegelaat word om 'n spreukbeurt te kry.
 - 17.7.2 Elke besluitneming deur die vergadering moet deur middel van die opsteek van hande gedoen word tensy minstens vyf aanwesige, stemgeregtigde lede vra dat dit met stembriewe gedoen moet word, waarna die vergadering deur middel van stembriewe moet stem. In alle gevalle het die Voorsitter 'n beslissende stem in geval van staking van stemme.

18. DISSIPLINE

- 18.1 'n Subkomitee, genoem Dissiplinêre Komitee, sal vir die dissipline in die Klub verantwoordelik wees. Die Dissiplinêre Komitee word deur die Komitee aangewys en het die bevoegdheid om elke betrokke dissiplinêre aangeleentheid te ondersoek en 'n aanbeveling tot optrede tot die Komitee te maak. Indien enige lid enige van die reëls en/of byreëls en/of regulasies van die Klub oortree of verbreek, of homself/haarself skuldig maak aan onbetaamlike, onbehoorlike, onsportiewe, onwellewende of ongemanierde gedrag, of in gebreke bly om enige skulde aan die Klub of Klubamptenare of –werkers na behoorlike kennisgewing te betaal, of skuldig is aan optrede wat teen die belange van die Klub indruis hetsy binne of buite die Klub se gebied, sal die aangeleentheid deur die Dissiplinêre Komitee as volg hanteer word:
 - 18.1.1 Die betrokke lid word skriftelik verwittig van die aanklag teen hom/haar en minstens 7 werksdae gegee om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn ten einde hom/haar teen die aanklag te verdedig.

- 18.1.2 Nadat die saak breedvoerig deur die Dissiplinêre Komitee ondersoek is, sal 'n aanbeveling vir optrede aan die Komitee gedoen word.
- 18.1.3 Kleiner, beboetbare oortredings word deur die Dissiplinêre Komitee self afgehandel nadat goedkeuring daartoe deur die Komitee verleen is. Alle oortredings sal nogtans aan die Komitee gerapporteer word.
- 18.2 Na die ontvangs van die aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee, het die Komitee die mag om:
- 18.2.1 Die betrokke lid te berispe.
- 18.2.2 Die betrokke lid weer skriftelik of telefonies in kennis te stel om voor die Komitee te verskyn om sy/haar optrede te verduidelik. Sodanige kennisgewing moet ook minstens 7 werksdae voor die vergadering plaasvind. Indien so 'n lid nie aan hierdie versoek voldoen nie, mag hy/sy permanent geskors word, of paslik op 'n ander wyse volgens die diskresie van die Komitee gestraf word.
- 18.2.3 Die betrokke lid tydelik van al sy voorregte as lid van die Klub te ontnem vir so 'n tydperk as wat die Komitee mag bepaal.
- 18.2.4 Die betrokke lid permanent te skors, gegewe dat minstens twee-derdes van die aanwesige Komitee lede ten gunste van skorsing stem.
- 18.3 In geval waar 'n lid onder reël 18 geskors word, het so 'n lid geen reg tot terugbetaling van enige bydrae of fooi wat deur hom betaal is nie. Geen lid sal geskors word, tensy hy geleentheid gehad het om voor die betrokke subkomitee of Komitee van die Klub te verskyn nie. Die Komitee se besluit rakende enige dissiplinêre aksie, soos in reël 18 beskryf, is finaal en die betrokke lid kan hom/haar nie op 'n Spesiale Algemene Vergadering beroep nie.

19. BEDANKINGS

Enige lid wat uit die Klub bedank, moet dit skriftelik voor 28 Februarie doen, anders sal hy/sy verantwoordelik gehou word vir die pro rata jaargeld van die jaar waarin hy/sy bedank.

20. VERANDERINGS AAN GRONDWET

Veranderings aan die regulasies van hierdie Grondwet is slegs moontlik by 'n Spesiale – of Algemene Vergadering indien minstens twee-derdes van die aanwesiges, stemgeregtigde lede daartoe instem. Die prosedures van so 'n vergadering soos onder Artikel 17 hierbo beskryf, moet te alle tye nagekom word.

21. ALGEMEEN

- 21.1 Enige lid van die Klub is geregtig om 'n klagte oor enige aspek van die Klub aanhangig te maak, mits hy/sy dit skriftelik by die verantwoordelike beampste van die Klub indien.
- 21.2 Enige onwettige spel van watter aard ook al word ten strengste verbied op of in die eiendom van die Klub.

- 21.3 Enige skrywe, het sy rekenings of kennisgewings, aan 'n lid sal aan sy /haar laasbekende adres gepos word met e-pos. Die pos daarvan sal as genoegsaam beskou word om aan die regulasies van die Grondwet te voldoen, kennisgewing in verband met agterstallige gelde of enige skrywe wat kan uitloop op die skorsing van 'n lid moet egter per aangetekende pos gestuur word en die verantwoordelike beampte moet die kwitansie hou as bewys van afsending.
- 21.4 Alle bekere en trofeë bly die eiendom van die Klub tensy anders bepaal. Houers van bekere en trofeë sal verantwoordelik gehou word vir die terugbesorging daarvan 10 maande nadat dit gewen is.
- 21.5 Afrikaans en Engels sal gelyke regte hê, maar in geval van 'n geskil omtrent verskillende interpretasies tussen Engels en Afrikaans, sal die Afrikaanse bewoording hiervan beskou word as korrek, tensy die stuk wat geïnterpreteer staan te word anders bepaal, of daar ander regulasies van interpretasie van toepassing op sodanige stuk mag wees. Sulke geskille word vir finale oplossing na die Komitee verwys en die Komitee se besluit in sulke gevalle sal finaal en bindend wees, en geen appêl daaromtrent sal aangehoor word nie.
-